KAAP AGULHAS MUNISIPALITEIT

AANSOEK OM KORTING OP DIENSTE

Die volgende vereistes geld vir die toestaan van die korting:

1. Die rekening moet op die aansoeker se naam wees en hy / sy moet die eiendom bewoon.
2. Die totale inkomste van 'n “Indigent” huishouding moet R 1880.00 per maand of minder wees,en R 1881.00 tot R 2250.00 per maand vir `n “Poor” huishouding.
3. Die totale huishoudelike inkomste bestaan slegs uit die inkomste van die broodwinner en gade.
4. Die korting toegestaan sal maandeliks op die basiese dienste rekening gekrediteer word tot 'n maksimum bedrag van R185.21 vir “n “Indigent” huishouding en R92.50 vir ‘n “Poor” Huishouding.
5. Die korting word toegestaan vir twaalf (12) maande waarna u weer moet aansoek doen
6. Alle verbruikers moet jaarliks voor of op 21 Julie van die betrokke jaar aansoek doen.
7. Aansoeke kan ook deurlopend ingedien word maar sal nie terugwerkend toegestaan word nie.
8. Indien die aansoeker nie aan die criteria voldoen nie kan die komitee die aangeleentheid op meriete oorweeg.

DISKWALIFIKASIE VAN HUISHOUDINGS

Huishoudings sal gediskwalifiseer word indien:

1. die aansoeker doelbewus onjuiste of verkeerde inligting verskaf
2. die inkomste per huishouding meer is as die vasgestelde perk
3. die rekening nie op die aansoeker se naam is nie
4. die aansoeker nie die woning bewoon nie
5. die vorm nie deur ‘n kommissaris van ede beedig is nie en sy / haar amptelike kantoor stempel nie op die vorm aangebring is nie.
6. die komitee in terme van paragraaf 8 die aansoek afkeur

Die doel van hierdie vorm is om die nodige inligting te bekom om te bepaal of u vir hierdie korting op basiese dienste kwalifiseer. Alle inligting deur u verskaf sal as streng vertroulik beskou word.

Stuur asseblief die voltooide vorm terug aan die volgende adres:

Bestuurder: FINANSIES
Posbus 51
BREDASDORP
7280
Indien u enige probleme ondervind met die invul van die vrae sal die Finansies Departement se personeel met genoeë hulp verleen.

MASAKHANE BELEID

KATEGORIEë VAN GESINNE	MASAKHANE WERKSWYSE
Verbruikers is nie in staat om voor die 7de dag van die maand wat volg op die betaaldatum hul rekening te betaal nie. **1 MAAND**	• Rente word op die eerste werksdag van die maand wat op die betaaldatum volg, gehef. • Water word afgesny en van die drupstelsel voorsien. Verbruiker moet voor die afsnydatum reël vir uitstel om die afsny van dienste te voorkom. • Indien reëlings nie nagekom is nie word water en krag gesny en van die drupstelsel voorsien.
Verbruiker is twee maande agterstallig en verskyn op die afsnylys. **2 MAANDE**	• Masakhane Beampte ondersoek rekeninge om seker te maak dat dienste wel afgesny is. • Rig skrywe aan persoon om voor 'n betrokke datum 'n ooreenkoms te teken om die rekening af te betaal. • Raadslede word ingelig dat 'n lys van betrokke persone ter insae is wanneer kennisgewings gedruk word.
Verbruiker reageer nie op skrywe om reëlings te tref vir agterstallige skuld nie **3 MAANDE**	• Word oorhandig aan die prokureur vir invordering van skulde. • Geen oorhandigde rekeninge word teruggeneem by Masakhane program nie.
Verbruiker reageer op skrywe en sluit 'n Masakhane Ooreenkoms bestaande uit die agterstallige bedrag ,die lopende rekening en die aansluitingsfooi en deposito.	• Water en Elektrisiteit word heraangesluit . • Agterstallige bedrae word op 'n Deferred Payment op dieselfde rekening geplaas. • Verbruikers wie gewone krag het kan aansoek doen vir 'n voorafbetaalde meter wat teen afbetaling installeer word.
Ooreenkoms word ten volle nagekom. Lopende rekening en Masakhane Ooreenkoms word betaal	• Water en elektrisiteit beskikbaar. • Maandelikse betalings word gemonitor.
Verbruiker is een maand agter volgens ooreenkoms **4 MAANDE**	• Masakhane veldwerkers besoek persone en doen verslag aan Masakhane komitee.
Verbruiker is twee maande agter volgens ooreenkoms, doen ongereelde betalings en is reeds deur die Masakhane veldwerker besoek.	• Krag word geblokkeer en verbruiker kry slegs 50% van krag aankope en 50% gaan na agterstallige Masakhane rekening. • Gewone dienste is gesny en water is op die drupstelsel.

5 MAANDE Verbruiker is drie maande agter volgens ooreenkoms. **6 MAANDE**	• Verbruiker word verplig om die Masakhane Werkgroep te besoek vir ‘n onderhoud.
Verbruiker reageer nie op uitnodiging nie en daag nie op vir onderhoud nie.	• Verbruiker ontvang 'n skrywe om binne 7 dae die agterstallige bedrag te betaal. • Name van persone wie skrywes ontvang het word aan die raadslede voorsien. • Persone wie nie reageer nie word oorhandig aan die Raad se prokureurs. • Persone wie reageer op 7 dae briewe en wie se ooreenkoms weer agterstallig is, word as Harde Gevalle geklassifiseer en aan die Raad se prokureurs oorhandig.
Verbruiker reageer op skrywe en is weer agterstallig met ooreenkoms.	**Rekening word onmiddellik aan die prokureur oorhandig sonder verdere kennisgewing.**
Verbruiker reageer op uitnodiging vir onderhoud.	• Nuwe finale reëlings word getref en persone kan op aanbeveling van die komitee as deernisgevalle geklassifiseer word om sodoende terugwerkende korting vir die maande wat geen korting ontvang is nie op rekeninge te ontvang.
Finale reëlings soos tydens onderhoud bepaal en beloftes daarna gemaak word nie nagekom nie. **(Verbruiker bly in gebreke om finale ooreenkoms na te kom.)** **7 MAANDE**	• Persone word as Harde Gevalle geïdentifiseer. • Name van persone wat as Harde Gevalle geïdentifiseer is word aan die raadslede voorsien. • Rekening word onmiddellik aan die prokureur oorhandig sonder verdere kennisgewing. • (Persone wie nie reageer nie word oorhandig aan die Raad se prokureurs vir invordering.)
TWEEDE OOREENKOMS Verbruiker se lopende rekening is weer agterstallig nadat die Masakhane rekening oorhandig is.	TWEEDE OOREENKOMS • Masakhane werkswyses 1-5 word gevolg en persoon se krag word onmiddellik geblok.
Verbruiker is een maand agterstallig op nuwe ooreenkoms.	• Verbruiker ontvang 'n skrywe om binne 7 dae die agterstallige bedrag te betaal. • Name van persone wie skrywes ontvang het word aan die raadslede voorsien. • Persone wie nie reageer nie word oorhandig aan die Raad se prokureurs.
Verbruiker reageer op skrywe en is weer agterstallig met ooreenkoms.	• Persone word as Harde Gevalle geklassifiseer en rekening word onmiddellik aan die prokureur oorhandig sonder verdere kennisgewing.

KRITERIA VIR TERUGWERKENDE KORTING OP DIENSTE (DEERNISHULP)

Persone word vir deernishulp geklassifiseer wanneer:

Masakhane Ooreenkomste vir agterstallige rekeninge gesluit word.

Masakhane beamptes persone wie se Masakhane rekeninge agterstallig is besoek om die rede vir die verbreking van die ooreenkoms vas te stel.

Verslae word opgestel en aan die Masakhane komitee voorgelê om gevalle te klassifiseer.

Persone kwalifiseer vir deernishulp indien die persoon vir 'n tydperk van drie (3) maande of langer:

Werkloos was as gevolg van siekte, vermindering van werk of werksure

Hoë mediese kostes,sterftes

Wagtend is op pensioen of mediese ongeskiktheidtoelaag

Pensioen – of mediese ongeskiktheidstoelaag verminder het of tydelik of permanent gestaak is.

Verlies aan inkomste weens : gevangenisstraf van broodwinners
Onbilike afdanking

Stawende dokumente of bewyse soos doktersbriewe ,briewe van welsynsdienste of werkgewers moet getoon word.

Indien 'n persoon kwalifiseer vir deernishulp word die aantal maande wat die persoon sou kwalifiseer vir gelyke **toedeling in die betrokke finansiêle boekjaar** en dit nie sou ontvang het nie,teruggeskryf op die agterstallige bedrag teen R185.21 per maand.

'n Persoon vir meer as een keer kwalifiseer vir deernishulp indien die persoon aan die vereistes voldoen.

MUNISIPALITEIT KAAP AGULHAS

BELEID: TOEKENNING VAN MAATSKAPLIKE BYSTAND.

Maatskaplike hulp sal verleen word om korttermyn bystand te bied aan behoeftige individuele huishoudings waar:

1. 'n Ramptoestand ontstaan (wat veroorsaak is deur byvoorbeeld stormskade, brand, droogtes, en na die mening van die Uitvoerende Burgemeesterskomitee se oordeel, soortgelyke omstandighede) in welke geval die maatskaplike bystand in die vorm van kospakkie(s), komberse, klerasie of ander noodsaaklike lewensmiddele sal wees tot 'n maksimum waarde van **R800** per huishouding.

2. Onvoorsiene maatskaplike krisisse veroorsaak deur die verlies aan die inkomste van die broodwinner, weens faktore buite sy/haar beheer (byvoorbeeld: ernstige siekte, dood, werksverlies weens personeelvermindering/afdanking of soortgelyke omstandighede, uitdien van tronkstraf, permanente of tydelik ongeskiktheid soos gesertifiseer deur 'n mediese praktisyn) wat daartoe aanleiding gee/sal gee dat die lewensomstandighede van sy/haar direkte afhanklikes wesenlik beïnvloed word, en op voorwaarde dat:

    a) hulpverlening sal geskied tot die mate dat die maandelikse munisipale rekening gesubsidieer sal word met 'n bedrag tot 'n maksimum gelykstaande aan 'n basiese munisipale rekening gebaseer op die basiese tariewe/fooie, insluitend ‘n verbruik van 100 kWh elektrisiteit en 6 kiloliter water per maand, maar nadat die normale deernistoekenning van **R185.21** per maand in berekening gebring is;
    b) 'n aansoekvorm vir die normale deernistoekennig (maksimum **R185.21** per maand ten opsigte van basiese dienste) onverwyld ingedien word;
    c) die gesamentlike oorblywende huishoudelik inkomste van die betrokke huishouding (broodwinner uitgesluit) minder as **R1 880.00** per maand beloop;
    d) die maandelikse munisipale rekening op bogemelde basis gesubsidieer word vir 'n maksimum termyn van drie (3) agtereenvolgende maande;

e) in uitsonderlike gevalle kan die Uitvoerende Burgemeesterskomitee, op aanbeveling van die Masakhane-komitee, die aanvanklike termyn van die (3) maande verleng tot uiterlik ses (6) agtereenvolgende maande nadat die geaffekteerde huishouding op eie inisiatief kom heraansoek doen het.

3. Waar eienaars van enkel residensiële eiendomme aan die invorderingsprokureurs oorhandig was vir die invordering van agterstallige skulde, sal die invorderingsprokureurs ‘n invorderingsverslag/-geskiedenis voorlê van daardie skuldenaars waar beslaglegging van die onroerende bate, ‘n onafwendbare gevolg geword het om die skulde in te voerder. Gemelde verslag, die verslag van die Hoof: Invorderings/Kredietbeheer en ‘n verslag van die Masakhane-beampte na die maatskaplike omstandighede van die betrokke huishouding, sal aan die Masakhane-komitee voorgelê word vir evaluasie en oorweging.

a) Die finale regsprosesse van beslaglegging en verkoop van die onroerende eiendom om die uitstaande skulde te verhaal (voor advertering daarvan), sal in afwagting van die uitslag van die ondersoek en die finale beslissing, tydelik agterweë gehou word.

b) Bogemelde verslae sal tydens die Masakhane-komitee se eersvolgende vergadering oorweeg word en met in ag neming van die inhoud van dié verslae, ‘n aanbeveling aan die Uitvoerende Burgemeesterskomitee maak oor verdere optrede rakende die spesifieke geval.

c) Waar, na aanleiding van die ondersoeke voortspruitend uit die bogemelde verslae, bevind word dat die skuldenaar aanvanklik as ‘n “harde-geval” geklassifiseer was in terme van die Masakhane-beleid en weer eens as sodanig geklassifiseer word, sal die invorderingprokureurs opdrag kry om onmiddellik voort te gaan met die regsprosesse (advertering, beslaglegging en verkoop van die onroerende bate) vir die invordering van die uitstaande skulde.

d) Alle regsprosesse met betrekking tot beslaglegging op nie-roerende bates vir die invordering van uitstaande skulde (verkope in esekusie), sal onderhewig wees aan ‘n hofbevel tot

dien effek alvorens die esekusieveiling tot sy volle konsekwensies uitgevoer word.

e) Waar die Masakhane-komitee bevind dat ernstige/wesenlike maatskaplike omstandighede bestaan as gevolg van redes buite die beheer en toedoen van die betrokke huishouding en maatskaplike bystand gevolglik verleen behoort te word aan die betrokke geval, sal die Masakhane-komitee, met in ag neming van die onderstaande, 'n volledige aanbeveling maak aan die Uitvoerende Burgemeesterskomitee oor:

    (i) die onttrekking van die verskuldigde gelde vanaf die invorderingsprokureurs en die sluiting van die invorderingslêer(s) met die uitsluitlike doel om die skuldenaar se skulde te herskeduleer vir afbetaling daarvan ooreenkomstig die Masakhane-beleid; op voorwaarde dat die totale tydperk vir afbetaling, gereken vanaf die aanvanklike oorhandigingsdatum, nie 'n totale afbetalingstermyn van ses-en-dertig (36) maande sal oorskry nie; en/of

    (ii) in hoogs uitsonderlike gevalle, en waar bevind word dat die skuldenaar as gevolg van omstandighede buite sy/haar beheer en/of toedoen, geensins in staat is om enige van die oorhandigde skulde te vereffen nie, die Raad maatskaplike hulp aan die skuldenaar verleen deur die verskuldigde bedrag/bedrae, as 'n ***eenmalige*** gebeurtenis, uit die begroting vir maatskaplike bystand (posnommer 1/1011/2089) sal finansier; op voorwaarde dat die skuldenaar sy/haar toekomstige verpligtinge teenoor die Raad, stiptelik sal nakom.

f) Maatskaplike hulp soos uiteengesit in 3(e) hierbo, word beperk tot:

    (i) daardie gevalle waar die gesamentlike maandelikse huishoudelike inkomste nie die bedrag van **R1 880.00** oorskry nie;

    (ii) die skuldenaar deur sy/haar optrede in die verlede, bewys het dat hy/sy daadwerklike

pogings aangewend het om die skulde te vereffen;asook die status van sy lopende rekeninge;

(iii) die skuldenaar, met in ag neming van die inkomsteperk soos bepaal in (i) hierbo, deur ‘n ernstige kroniese siektetoestand verhinder word om sy/haar skuldverpligtinge teenoor die Raad na te kom;

(iv) daar ernstige maatskaplike omstandighede bestaan wat voortspruit uit ernstige kroniese siekte toestande waaronder die skuldenaar en/of sy/haar eggenoot(te) verkeer en gevolglik aanleiding gee of gegee het tot uiterste armoede.

4. Onderhewig aan die beperking van die goedgekeurde begroting vir maatskaplike bystand (posnommer: 1/1011/2089), sal:

a) Die toekenning van maatskaplike bystand soos uiteengesit in paragraaf 1 hierbo, deur die Uitvoerende Burgemeesterskomitee oorweeg word en by goedkeuring daarvan sal 'n gedetailleerde skriftelike opdrag, onder die hand van die Munisipale Bestuurder (as rekenpligtige beampte), of sy gedelegeerde in sy afwesigheid, aan Tesourie gegee word vir die aankoop van die goedgekeurde artikel(s).

b) Na ontvangs van die toepaslike amptelike aansoekvorms wat op eie inisiatief deur die geaffekteerde huisgesin aangemeld en ingedien moet word en/of deur die Masakhane-proses deur die Masakhane-komitee geïdentifiseer word vir toekenning van maatskaplike bystand soos uiteengesit in paragraaf 2 hierbo, sal die Masakhane-komitee die aansoek(e) en evaluasieverslag oorweeg en aan die Uitvoerende Burgemeesterskomitee voorgelê word vir oorweging en goedkeuring.

c) Enige maatskaplike hulp soos uiteengesit in paragraaf 3(e)(ii) hierbo, sal administratief afgehandel word nadat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee, met in ag neming van alle feite, die aangeleentheid oorweeg het en per genotuleerde besluit goedkeuring daaraan verleen het.